

- (1) Bepaal of die volgende getalle reël of nie-reël is. Indien dit reël is, dui aan of die getal rasionaal of irrasionaal sal wees.

- | | |
|----------------------|---------------------|
| (a) 7 | (b) $-\sqrt{3}$ |
| (c) π | (d) $\sqrt{-16}$ |
| (e) $0,\dot{3}$ | (f) $\frac{12}{36}$ |
| (g) $\sqrt[3]{-125}$ | (h) $1 + \sqrt{9}$ |
| (i) $\sqrt{(-2)^3}$ | (j) 0 |

- (2) Sê of die volgende bewerings waar of vals is:

- (a) Die produk van twee heelgetalle is altyd weer 'n heelgetal.
- (b) Die produk van twee irrasionale getalle is altyd weer 'n irrasionale getal.
- (c) As m 'n natuurlike getal is, dan sal $\sqrt{4}m$ ook 'n natuurlike getal wees.
- (d) Die verskil tussen twee rasionale getalle is altyd weer 'n rasionale getal.
- (e) Die kwosiënt van 'n rasionale getal en 'n irrasionale getal is altyd rasionaal.

- (3) Vir watter waardes van x is die volgende bewerings:

(i) ongedefinieerd (ii) nie-reël

(a) $\frac{x + 3}{x}$

(b) $\sqrt{x - 1}$

(c) $\frac{\sqrt{x}}{x + 2}$

- (4) Gegee: $P = \sqrt[4]{3y} - 1$. Tot watter van die volgende getalstelsel(s) sal P behoort indien:

[Getalstelsels: $\mathbb{N}$; $\mathbb{N}_0$; $\mathbb{Z}$; $\mathbb{Q}$; $\mathbb{Q}'$; $\mathbb{R}$ of $\mathbb{R}'$]

(a) $y = \frac{1}{3}$

(b) $y = -1$

(c) $y = 5$